Publication: WESLANDER
Title: Nywerhede moet ook waterverbruik afskaal
AVE: 1135.44
Page: 7
Publish Date: 04 May 2017
Author: UNSPECIFIED

# Nywerhede moet ook waterverbruik afskaal

Hoe gaan die Elandsfontein-myn megaliters drinkwater tydens 'n droogte ontvang, wil *Weslander*-lesers weet nadat die myn verlede maand 'n watergebruiklisensie van die departement van water en sanitasie ontvang het.

*Weslander* het die Saldanhabaai-munisipaliteit sowel as die Weskus-distriksmunisipaliteit gevra oor Kropz, die meerderheidsaandeelhouers van die myn, se aanvraag vir 1,6 megaliter (Ml) water per dag. Dié water sal gebruik word vir mynbedrywighede wanneer Kropz fosfaat by hul myn, buite Hopefield, begin ontgin.

Volgens die Saldanhabaai-munisipaliteit word die hele waterstelsel in ag geneem wanneer waterverskaffing oorweeg word.

"Die aanvanklike aansoek vir 2,4Ml per dag is dus nie toegestaan nie, maar slegs 1,6 Ml per dag. Slegs een Ml per dag van dié water sal vanuit die Weskus-distriksmunisipaliteit se drinkwaterpyplyn kom," sê Ethne Julius, woordvoerder vir die munisipaliteit.

Met die oorweging van die watergebruik het die departement ook vereis dat die myn in die toekoms van gesuiwerde rioolwater gebruik moet maak.

Wat waterbeperkings betref sê Julius daar word ook van nywerhede verwag om 30% van hul waterverbruik af te skaal. "In sommige gevalle mag dit met produksieverliese gepaard gaan wat 'n negatiewe impak op die gebied se ekonomie mag hê," verduidelik sy.

Op hul beurt is Kropz van plan om binne die volgende drie jaar 'n watersuiweringsaanleg op te rig wat by die Vredenburg-rioolverwerkingsaanleg sal aansluit.

Dié water sal dan vir nywerheidsgebruik beskikbaar wees.


www.novusgroup.co.za | Tel: 011 568 3337 | clientservice@novusgroup.co.za | Copyright © Novus Group (Pty) Ltd.